

Skriflesing: Handeling 10:34-48

Tema: Na watter avontuur nooi God jou?

Die bekering van Kornelius en sy huisgesin (Hand 10, eerste deel), is een van die mees beslissende momente in die verspreiding van die evangelie na die heidene.

Hierdie verhaal is 'n kragtige simbool van 'n belofte wat vanaf die begin van Lukas se evangelie en dwarsdeur Handeling gemaak is. 'n Belofte wat die beste deur die opstanding van Jesus verteenwoordig word. Sonder twyfel beweeg God se Gees. Die enigste vraag was of Petrus, sowel as die kerk, die winde van verandering sal aanvoel en God se leiding sou volg.

LEES TEKS - Handeling 10:34-48

Ons bevind ons nou in die tyd tussen Paasfees en Pinkster. Paasfees herinner ons dat Christus vir ons gesterf het, ons sondes gedra het en opgestaan het. Pinkster help ons om opnuut die werk van die Heilige Gees in en deur ons raak te sien. Pinkster vra ook dat ons ons geloof opnuut moet ondersoek. Dit vra: Laat ons wel toe dat die Heilige Gees in en deur ons en ons gawes werk?

Hierdie teks bou eintlik die brug tussen Paasfees en Pinkster baie mooi. Die eerste deel van die teks praat juis oor die Paasgebeure. Petrus is besig met 'n toespraak waarin hy na Jesus se kruisiging en opstanding verwys. En dan word Petrus se toespraak onderbreek deur die Heilige Gees wat in en deur mense werk.

Hierdie teks begin deur ons te herinner dat 'n Christen se instink selfs te midde van verandering en onsekerheid moet wees om die Lewende Woord van God opnuut weer aan die orde te bring.

Jesus se opstanding skend die natuurlike orde van lewe en dood, weerspreek die verwagtinge dat die Messias die politieke magte van die wêreld vinnig sou beëindig, en daag ons voortdurend uit om ons geloof opnuut te ondersoek.

Die implikasies van die opstanding vir Petrus sluit in die afbreek van versteekte sosiale grense, want "Jesus is die Here van almal!"

Petrus is egter nog aan die leer en groei as persoon hier. Dit hoor ons duidelik in vers 34: "Waarlik, ek begryp nou eers..." So die feit dat God nie onderskeid maak tussen mense nie is iets wat Petrus steeds aan die leer is.

God wag egter nie tot Petrus dit heeltemal begryp nie, Hy help Petrus dit verstaan soos wat Petrus aangaan en die Woord verkondig.

God onderbreek Petrus se preek sodat almal wat na sy preek luister met die Heilige Gees vervul kan word – die tweede keer, na die dissipels, waar die Heilige Gees uitgestort word op bekeerlinge wat nog nie gedoop is nie.

Dit was ook die eerste keer dat nie-Jode die Heilige Gees ontvang.

Kantnota: Hierdie teks help ons ook om te weet dat die Heilige Gees teenwoordig is by jou, al is jy nog nie gedoop nie. Soms glo ons dat ons eers die Heilige Gees ontvang wanneer ons gedoop word. Die Heilige Gees, God-drie enig is reeds betrokke by jou reg van die begin af, reg aan die begin toe jy in jou ma se moederskoot gevorm is.

Terug by Petrus... hierdie was nogal vir Petrus 'n "wow" oomblik...

Vir Petrus was dit die groot omkeer oomblik- (toe hy besef die HG word uitgestort oor nie-Jode, heidene) – hierna sou hy die verkondiging van die evangelie onder die heidene aktief aanmoedig en ondersteun.

Hy bly dan by heidene oor – iets wat hy vroeër glad nie sou oorweeg het nie. Petrus word bewus van God se grenslose guns en genade. God wag egter nie vir hom om te verstaan nie – God tree op soos Hy wil. God se krag kan nie ingeperk word nie. En Petrus kom dan hier tot die besef dat God almal insluit en dat die Heilige Gees in en deur alle mense werk, nie net sekere mense of seker groepe nie.

Wat leer ons vandag uit die teks?

Die kerk word eers gesien as net vir Jode, net Jode ontvang die Heilige Gees, net gelowiges... dan sê hierdie teks... wag... maak die sirkel groter, maak oop. Die Heilige Gees werk in almal, alle gelowiges is belangrik vir God en God het almal ewe lief. God maak geen onderskeid nie.

En dit is waarna God ons as kerk, ons as gelowiges roep. Om ons sirkels groter te maak, om dit oop te maak, om in te nooi.

En hierdie is vir ons baie moeilik. Dit is vir ons maklik om mense deel te maak as hulle dieselfde as ons dink, praat en lyk. Dit is egter moeiliker as dit mense is wat nie soos ons dink, praat, doen en lyk nie.

Die sleg van die Covid 19 – pandemie is dat ons skielik ons kring baie kleiner gemaak het vir ons eie behoud. Die gevaar is dat ons daardeur mure kan bou wat kerk eksklusief maak en nie inklusief nie. Die evangelie daag ons hier uit en selfs die filosofie en wetenskappe wys vir ons dat hier juis te midde van die pandemie en die anderse tyd waarin ons nou leef, plek is om ons sirkels oop te maak en anders te dink en te leef.

Judy-Ann Cilliers (postdoctoral researcher in the department of philosophy at Stellenbosch University) skryf oor die Covid 19 pandemie:

“Yet the newness and strangeness of our situation offers us an opportunity to reassess our assumptions, to create new world-shaping narratives and to act in unpredictable ways. After hurricanes or earthquakes, great fires or terrorist attacks, when people are on the edge of life and access to resources cannot be guaranteed, we do not only see dog-eat-dog competition, but also altruism, solidarity and empathy, often between people who under normal circumstances would not have reached out to each other. Uncertainty can make us hunker down, but it can also open our eyes to realities and injustices we were unable to see before.”

Dit is 'n uitnodiging tot insluit en tot uitreik. 'n Uitnodiging om te waag en avontuurlustig te wees in ons Christenskap.

STORIE:

Daar is hierdie bekende spottende storie wat ek onlangs weer in 'n artikel op LinkedIn gelees het, dalk ken julle dit. Hierdie storie help my op die uitnodiging tot Christenskap te verstaan.

'n Priester (Wes Seeliger) wou 'n Harley Davidson koop. Die verkoopsman het nie geweet hy praat met 'n priester nie en het gepraat oor spoed, versnellings, risiko's en van hoe die vroumense mal is oor Harleys! Toe die Harley verkoopsman ontdek dat die man aan wie hy die Harley wou verkoop eintlik 'n priester/predikant is, het sy hele *sales pitch*, alles verander. Onmiddellik het sy taal en sy stemtoon verander. Hy het skielik op 'n bedaarde manier gepraat van hoeveel kilometers jy kan kry, veiligheid en hoe prakties dit is.

Hierdie predikant het toe iewers die volgende daarvoor geskryf: ***“Have we told the world that being a Christian is more like riding a lawnmower than a motorcycle. Is the life of faith more safe and sound or dangerous and exciting...?”***

Our task is to take Christianity out on the open road, give it gas, and see what this baby will do!”

'n Grassnyer bly binne die grense van die erf of veld. Dit bly veilig.

Jesus en die Heilige Gees nooi ons om te waag.

Daarom beteken dissipelskap om risiko's te neem.

Risiko 1 = Inklusief

Ons is lief om mense met ons optrede uit te sluit. Die teks van vandag wil net weer onderstreep, die Christendom is 'n **inklusiewe** geloof - dit sluit almal in – dit is nie 'n eksklusiewe geloof nie.

Soos Joseph Parker op 'n keer opgemerk het: **“Jesus het nooit gekom om ons minder te maak nie. Hy kom altyd om ons meer te maak.”**

Die Christendom is 'n geloof van vergroting - dit sluit alle mense in 'want so lief het God die wêreld gehad' (Joh. 3:16). Wêreld bedoel almal! As God sê die wêreld, dan bedoel Hy die **HELE** wêreld nie net ons wêreld (die wêreld waarin ons leef) nie.

The Message vertaal Lukas 15:1 pragtig: “By this time a lot of men and women of **doubtful reputation** were hanging around Jesus, listening intently.” Dis gewoonlik die soort mense wat ons uitsluit - veral uit die kerk uit...

Kol 3:11 gee vir ons die beginsel van inklusiwiteit mooi deur: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”

Wanneer ons mense insluit en gasvry ontvang, dan leer ons, dan groei ons, dan leef ons die evangelie op 'n gewaagde en avontuurlustige manier.

Risiko 2: Verandering

Toe Petrus voor hierdie nie-Jode staan, het hy na mense gekyk wie se weë nie soos syne was nie, wie se gedagtes nie soos syne was nie.

Tog het hy geweet (hy het dit vroeër by Kornelius geleer - die begin van Hoofstuk 10) dat God besig is om 'n nuwe ding te doen. Wanneer God 'n nuwe ding doen, moet jy bereid wees om saam die nuwe avontuur aan te pak.

God het 'n bekende lied begin sing, maar met 'n nuwe wysie, nuwe ritme en 'n nuwe orkes - een wat nie-Jode ingesluit het! Dit was 'n skokkende ommekeer van 'n situasie.

Luister na die reaksie: lees weer Hand 10:45!

The Message gee dit wonderlik weer: ***“The believing Jews who had come with Peter couldn't believe it, couldn't believe that the gift of the Holy Spirit was poured out on “outsider” Gentiles.”***

Die ondenkbare het gebeur! Selfs nie-Jode was erfgename van die evangelie, selfs die gemarginaliseerdes, selfs die dakloses, selfs die verslaafdes, ens. was en is erfgename van die Goeie Nuus.

Hoe maak ons ons deur oop vir mense wat buite die kerk in ons gemeenskap staan? Om hulle te bereik, moet ons dikwels dinge laat gaan... ons manier van dink oor dinge wat miskien mense eerder uitsluit en so God se verandering teenstaan.

As ons een ding in die laaste jaar geleer het is dit dat ons buite die boks moet dink en verandering moet toelaat.

Twee tong in die kies opmerkings:

A bend in the road is not the end of the road... unless you fail to make the turn.

(Anoniem)

Stubbornness does have its helpful features. You always know what you are going to be thinking tomorrow. ~Glen Beaman

Covid-19 het ons geleer kerk het ook ander maniere van doen, wat net so suksesvol kan wees. Te dikwels is ons lojaal aan taktieke, maniere van doen, dinge, eerder as aan Christus.

Maar sjoe... ons sukkel met verandering. Want die bekende is makliker en is gemakliker.

Maar as ons by die maklik en gemaklik bly, dan mis ons uit en dan mis ander uit op kerkwees en op die liefde van Christus.

God wil jou hele lewe verander, God wil hê jy moet geliefd voel en die lewe as 'n avontuur leef! Die Here wil nie hê jy moet op 'n metaforiese grassnyer rondry as jy op 'n Harley Davidson kan ry nie.

Miskien roep God ons op om te laat gaan en ons reg te maak vir 'n groter ervaring van Hom en die lewe!

Mag ons konstant op die uitkyk wees vir die nuwe dinge wat God in ons gemeentes en in ons persoonlike lewens wil doen.

Helen Keller (wat uitdagings geken het – sy was blind en doof) het gesê:

“Lewe is óf ’n reuse avontuur óf dis niks nie!”

Kom ons gaan leef die avontuur van die Opstanding, die avontuur van radikaal anders as die wêreld lewe, onvoorwaardelik liefhê, met God se sagte oë na ander te kyk! Laat toe dat die Heilige Gees in en deur jou werk sodat jy die avontuur daarvan kan beleef!

Stap weg van die metaforiese grassnyer en klim saam met Jesus op die Harley-Davidson van geloof en ry!! Doen dit nou, moenie wag vir later nie!

En ja, soms gaan hierdie avontuurlustige Harley-Davidson rit met hobbels in die pad wees en soms gaan jy sopnat gereën by die huis kom. Die Bybel is baie eerlik oor die uitdagings van Christenskap. Maar die uitnodig is daar.

Pak avontuurlustig jou reis saam met God aan. Nooi ander in, wees bereid om getransformeer en verander te word deur die Heilige Gees.

Mag God jou seën met genoeg waagmoed om te sê: Ja, Here. Hier is ek. Gebruik my.

Geniet hierdie avontuur!

Amen